

REFORMASIE 500 (Artikel 13): 'EET WAT JY WIL ... – ZWINGLI'

Hierdie woorde van Ulrich Zwingli tydens 'n preek op 30 Maart 1522 is tiperend van die hervormer van Switserland.

Zwingli het hom openlik uitgespreek teen teologiese wanpraktyke van die Katolieke Kerk. Een daar-van was die gebruik om te vas tydens lydenstyd.

Nadat een van sy volgelinge, die drukker Christopher Froschauer besluit het dat sy uitgeputte werkers wors in plaas van die gebruiklike vis tydens lydenstyd kon eet, is al die worseters deur die stadsvaders van Zürich gearresteer en in die tronk gegee.

Zwingli het sonder om te skroom gereageer deur in die preek te beklemtoon dat die mens vry is om te eet wat jy wil wanneer jy wil omdat Christus die mens kom vrymaak het!

Zwingli is op 1 Januarie 1484, sewe weke na die geboorte van Luther, in die dorpie Wildhaus gebore. Nadat hy sy skoolloopbaan in Latyn voltooi het, en aanvanklike studie aan die Universiteit van Wene, het hy sy studie in 1502 aan die Universiteit van Basel voortgesit. Dit is daar waar hy tydens die lesings van Thomas Wytttenbach oor die Romeinse boek besef het dat **vergifnis van sonde alleen in die dood van Jesus Christus te vinde was.**

Luther en Zwingli het net een keer persoonlik in 1529 in Marburg ontmoet. Die vonke het gou gespat toe die twee hervormers mekaar se teologie verwerp het en radikaal oor die nagmaal verskil het. Die rede daarvoor is waarskynlik die feit dat Luther 'n hervormer geword het nadat 'n lang geestelike stryd hom na 'n klooster gedwing het. Zwingli, aan die ander kant, was 'n humanis met 'n meer rasionalistiese benadering tot godsdiens. Luther was 'n volgelinge van Augustinus, Zwingli 'n volgelinge van Erasmus.

In 'n stadium het die debat persoonlik geraak en het Zwingli Luther toegesnou: "Hierdie sal jou rug breek!" waarop Luther gereageer het met: "Moenie te gou spog nie. Hier word nie nekke gebreek nie. Jy is nou in Duitsland, nie in Switserland nie."

Hoewel Zwingli later verskoning gevra het, was die skade gedoen en het die twee se paaie uiteen gegaan. **Zwingli het die reformasie in Switserland aangevoer, maar word ook onthou vir sy bitter gevegte met die anabaptiste (wederdopers).**

Die marteldood van Felix Manz wat op 5 Januarie 1527 verdrink is, het 'n donker skadu oor die lewe en werk van Zwingli gegooi. Zwingli self het in die tweede Kappeloorlog in 1532 gesterf toe hy van sy perd geval het en met 'n swaard deurboor is. Dit het 'n einde gebring aan die reformasie in Switserland.

Geskryf deur Prof. Johan van der Merwe (Kerkgeskiedenis-professor aan die Universiteit van Pretoria vir e-Kerkbode).



JAARTEMA:

Sáám volg ons Christus

Mei 2018



PINKSTERUITGAWE 2018

Die Heilige Gees is baie sensitief

Ons gebruik dit somer maklik as woorde teenoor ander om onself te verskoon vir ons optrede nl "jy is somer nou weer oorsensitief". Weet jy hoe sensitief die Here is? Wanneer Paulus aan die Efesiërs skryf vertel hy hulle in hoofstuk 4 vers 30: **En moenie die Heilige Gees van God bedroef nie (Don't grieve God...Don't break His heart).**

Die Heilige Gees het so 'n sagte en sensitiewe hart dat ons Sy hart kan breek! Dit is byna ondenkbaar dat ons onwaardige klein mensies Sy hart kan breek en Hom kan laat huil. Natuurlik weet ek ook dat jy soos ek nie daarvan hou om die oorsaak te wees dat ander huil nie (behalwe as dit vreugde-trane is).

Gelukkig vertel Paulus ook vir ons wat die dinge is wat die Gees se hart breek. Daarom hoef ons nie onseker en bevrees te wonder of ons God se hart breek nie.

Die woorde om nie die Gees te bedroef nie *staan tussen twee verse* wat ons help om dit beter te verstaan:

Vers 29 Vuil taal moet daar nooit uit julle mond kom nie; praat net wat goed en opbouend is volgens die eis van omstandighede, sodat dit julle hoorders ten goede kan kom.

†Vers 30 Moenie die Heilige Gees bedroef nie

Vers 31 Moet nooit verbitter of opvlieënd wees of woedend word nie; moenie vloek of skel nie; moet niks doen wat sleg is nie.

Ons Visie: Deur Christus-liefde gee ons vir almal om



Hoe ons met ander praat kan die Heilige Gees se hart breek! Indien ons nie opbouend praat nie maak ons ander seer maar ook die Heilige Gees!

Hoe praat ons met mekaar of ander by die huis, werk, sportveld, omgewing en die kerk? Die Heilige Gees wil ons help om mekaar deur woorde op te bou, te bemoedig en te versterk! Wanneer ons ander afbreek dan gaan ons lynreg teen die Gees se doel en werking in.




Volgens vers 31 is die ander manier wat ons die Heilige Gees se hart breek wanneer ons woede-uitbarstings het of met bitterheid teenoor ander optree. In die samelewing en selfs oor die televisie is dit "normaal" om te skel en te vloek asook teenoor ander te ontplof!

By ons as kinders van God pas dit gladnie, want dit breek die hart van die Heilige Gees! Die Gees spesialiseer juis daarin om ons te leer om selfbeheersing te hê en onder alle omstandighede liefdevol op te tree. Net die Gees kan ons help om dit reg te kry!! (Lees 2 Tim 1:7).

Ons kan droefheid of vreugde bring vir die Heilige Gees. Droefheid wanneer ons optree teenoor ander soos ons wil of ons kan vir Hom vreugde bring wanneer ons ons na Sy stem luister wanneer ons opbouend en liefdevol met ander omgaan.

Ds Leon van Heerden



Prayer Works



GEBED HET GROOT KRAG

Moenie in julle toewyding verslap nie, bly altyd geesdriftig, dien die Here. Verbly julle in die hoop; staan vas in verdrukking, volhard in gebed.

Romeine 12: 11 - 12



Waar U lei, sal ek meegaan

Die Here bepaal 'n mens se koers; hoe sal 'n mens weet waarheen hy moet gaan?

Spreuke 20:24

Laat jou lewe aan die Here oor en vertrou op Hom; Hy sal sorg.

Psalm 37:5

MOOT CARE SENTRUM

MARK

ELKE EERSTE SATERDAG VAN DIE MAAND
H/V 16DE & BEN SWART

Car Boot Sale **9 TOT 13:00**

Stalletjies & Karwas

NAVRAE: 076 137 5643

Die doel van die karwas is om vir werklose persone geleentheid te bied om iets te verdien asook dat jy persoonlike met hulle kan kontak hê. Die mark se doel is om persone uit die gemeenskap geleentheid te bied om inkomste of ekstra -inkomste te kan verdien. Veral aanvulling van pensioene.

Die stalletjies is gratis. Almal is welkom!

RIETFLUIT REDAKSIE & ADMINISTRASIE

Vir enige navrae oor advertensieplaasing, getuienis, voorstelle of nuus oor u bediening, stuur gerus 'n e-pos vir Ilze du Plessis by ilzedples@gmail.com. Kontak nommer is 0721113100

----- DATUMS VAN BELANG -----

- ♦ **1 Mei:** Vakansiedag (Werkersdag)
- ♦ **5 Mei:** Moot Care Karwas en Mark
- ♦ **10 Mei:** Hemelvaartdag
- ♦ **13 Mei:** Moedersdag (Kinders woon oggenddiens by)
- ♦ **20 Mei:** Nagmaal en Pinksteroffer om 9:00
- ♦ **27 Mei:** Youthbash om 18:00
- ♦ **2 Junie:** Moot Care Karwas en Mark
- ♦ **17 Junie:** Youthbash om 18:00
- ♦ **22 Junie:** Skole sluit

Sien jou daar!

PINKSTERBIDURE 2018



Jy word na die PINKSTERBIDURE genooi wat plaas gaan vind vanaf:

- Sondag 13 Mei om 9:00
- Maandag 14 Mei tot Donderdag 17 Mei om 18:30
- Sondag 20 Mei om 9:00 (Nagmaal)

BOOMSLOPING & SNOEI

GRATIS KWOTASIE

VERSEKERING

KONTAK ERNST by 083 656 4992

www.treecarepta.co.za



Eenminuut-oordenkings

Bid, ten spyte van ...

Toe ek wou vergaan, het ek aan die Here gedink,
en my gebed het by U gekom, in u heilige tempel.

Jona 2:7

Baie mense ontsê hulleself die voorreg van die vrede van God, eenvoudig omdat hulle voel hulle is onwaardig om met Hom te praat. Ander is oorweldig deur skuldgevoelens.

Jesus het verklaar dat Hy nie gekom het om regverdiges te roep nie, maar om sondaars tot bekering te nooi. In die Skrif lees jy van sy onpeilbare barmhartigheid wat na alle mense uitreik: die goeies en slegtes, die verdienstelikes en die onverdienstelikes.

Dis nooit te laat om na die Hoorder van gebed toe te draai en jou probleme aan Hom voor te lê nie. Hoe onwaardig jy ook al op hierdie oomblik voel, reik in gebed na Hom uit en Hy sal jou hand vat.

Vader, ek wil tot u eer lewe. Help my om my oog op U te hou wanneer dit moeilik gaan en lei my om gehoorsaam te wees. Amen.

Ozrovech S. (2008) Genade vir elke Oomblik,
Christian Art Gifts RSA, bl. 16 April

16 April



OMGEE-BEDIENING

KOM SLUIT AAN BY 'N OMGEEGROEP! Jy sal nie spyt wees nie.
VISIE VAN DIE OMGEE-BEDIENING:

Om deur omgee-verhoudinge in omgeegroepes mekaar te help om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.

Dit is die bediening wat die **omgeegroepes** ondersteun en organiseer. Omgeegroepes is in hierdie gemeente die primêre "voertuig" van bediening en versorging!



© As jy oorweeg om by 'n omgeegroep in te skakel kontak vir Tom Rademeyer by 0823729803.
© Indien jy kans sien om as 'n omgeegroep-leier opgelei te word kontak ook asb vir Tom.